HOËVELD
BONSMARAKLUB
DIE BONSMARA BOER VIR JOU

42 Oude Westhof
Reyneckelaan 1
HEUWELSIG 9301
Sel / Cell: 082 339 3164

E-Pos /e-mail: admin@bonsmarahoeveldklub.co.za
Web: www.bonsmarahoeveldklub.co.za

06 Mei 2024

Beste Teler.

Die Bestuur het op 02 Mei 2024 ‘n vergadering gehad om so paar goed te bespreek. Ek deel graag met julle:

1. Drie persone is genooi om ‘n bemarking voorlegging aan die bestuur te doen vir die 2024/2025 jaar. Die sluitings datum is 17 Mei 2024. (Landbou Bemark, MediaBoer asook Esther Hertzog.)
2. Die AJV sal weer in Clarens plaasvind op 21 en 22 Februarie 2025. Op 21 Februarie word 2 telers in die omgewing besoek asook ‘n telers opleiding sessie. ‘n Dames program sal uitgewerk word. Die aand hou ons weer ‘n formele funksie by die Golfbaan. AJV en golfdag word op 22 Februarie gehou.
3. Die klubveiling formaat vir 2025 bly dieselfde. Ons weet daar is kostes aan verbonde, maar glo dit sal met tyd terugbetaal word. Sodra die klubveiling aansien kry, sal hoër pryse realiseer.
4. Ons het goedkeuring gegee vir 4 boeredae wat deur die jaar by lede aangebied gaan word. Die klub sal R3000 per boeredag bydra tot die kostes van die boeredae. Let wel, boeredae kan deur stoet sowel as kommersiële lede aangebied word. Skakel asb vir Evelyn Strydom om jou boeredag op die kalender te plaas. (first come basis).
5. ‘n Toer word beplan vir 17 – 20 Julie 2024. Ons beplan om die MSD proefplaas en laboratorium, Molatek aanleg asook so 2 telers tydens die toer te besoek. Ongelukkig sal daar ‘n beperking van slegs 20 mense geld.
6. ‘n Veling 2024 kommitee is gestig om die take beter te verdeel en die veiling beter te reel en te bemark. Baie geluk aan Giel Bekker, Juan Viljoen en James Allen (Jnr) wat Carmen gaan bystaan.

During April 2024, 3 auctions of our Club Members took place. The quality of the animals was exceptional, but the current market prices are very low. Congratulations to you all. Hopefully we are at the bottom of the current cycle and the prices will return to expected levels.

The following auctions take place in May 2024:

1. On 08 May, **Marais Bonsmaras** has their auction in Kuruman. Good luck to Kobus Marais.
2. On 09 May, **Qualitrio** has their auction on the farm Vlakvlei in Viljoenskroon. Paul Mare (Paul Mare Bonsmaras) and Benjamin Bosch (Benansa Bonsmaras) your animals are always top quality, good luck with the auction.
3. On 22 May, **Zinabos Bonsmaras** has their first auction of the year. Fourie, Louis and Esias Scheepers, good luck with your auction.
4. On 23 May, **Voorspoed Bonsmaras** has their auction in Sasolburg. (Jonathan van Aswegen is one of our commercial breeders.) Good luck Jonathan, as well as to Arthur de Villiers (AG Bonsmaras), who will sell stud bulls.

Baie geluk aan Bonsmara SA en Zinabos Bonsmaras met die aanbied van die telers opleiding. Louis Steyl het my meegedeel dat dit ‘n uiters suksesvolle dag was. Dit is goed

bygewoon, veral deur gevestigde telers, maar ook nie kommersiële telers. Baie dankie aan Fourie Scheepers vir jou geriewe en diere wat tydens die dag vertoon en bespreek is.

Baie geluk aan Sernick Bonsmaras met die aanbieding van julle boeredag op 01 Mei 2024. Julle kry dit reg om elke jaar top spekers te hê wat relevante onderwerpe bespreek. Baie geluk Nick Serfontein en jou hele Sernick span. Graag wil ek julle vra om aan Pieter Booysen te dink wat tans weer in die hospitaal is. Pieter, ons dra jou op in ons gebede.

Ons doen ‘n beroep op telers om bulletjies vir die fase C by Sernick in te skryf vir die 2025 veiling. Die oogmerk is om die klubveiling een van die uitstaande groep bul veilings in die land te maak. Koste van Fase C is wel gekoppel aan die voerprys, maar dit lyk huidiglik of dit nie meer as R9500 per bul sal wees nie. Inname is op 13 en 14 Junie 2024. Dis ‘n week na die Sernick veiling. (Die datum verskil van die datum op Sernick se webwerf.)

Ons is tans besig om met MSD te onderhandel vir entstowwe, asook lewerslak medikasie. Hopelik sal ons dit regkry om vir ons lede baie goeie pryse te kan onderhandel. Ek hou julle op hoogte.

Laastens wil ons graag vir Evelyn Strydom welkom heet by die Hoëveld Bonsmara Klub. Sy is ‘n ou bekende in die Bonsmara kringe en gaan verseker baie waarde toevoeg tot die klub. Sy bring soveel kennis en ondervinding.

Lekker boer

Jacques Pienaar
Voorsitter.